

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES - AFRIKA.  
**OFFICIAL GAZETTE**



EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 18 Junie 1957

WINDHOEK

Tuesday, 18th June, 1957.

No. 2087.

I N H O U D.

C O N T E N T S.

**GOEWERMENSKENNISGEWING—**

*Bladsy*

**GOVERNMENT NOTICE—**

*Page*

No. 154. Ordonnansies 1957: Uitvaarding van 571

No. 154. Ordinances, 1957: Promulgation of . 571

**Goewermentskennisgewing.**

**Government Notice.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,

C. F. MARAIS,

*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

*Acting Secretary for South West Africa.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 154.] [18 Junie 1957.

No. 154.] [18th June, 1957.

**ORDONNANSIES, 1957: UITVAARDIGING VAN.**

**ORDINANCES, 1957: PROMULGATION OF.**

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

<i>No.</i>	<i>Titel.</i>	<i>Bladsy.</i>
No. 14.	Middele (1957/58) Ordonnansie 1957 . . .	572
No. 15.	Ordonnansie op die Uitroeiing van Onge- diertes 1957 . . .	573
No. 16.	Wysigingsordonnansie op Huurgelde 1957 . . .	576
No. 17.	Administrasiewerknemersordonnansie 1957 . . .	576
No. 18.	Wysigingsordonnansie op Huurkoop, 1957 . . .	577
No. 19.	Ordonnansie op Onkruid 1957 . . .	578
No. 20.	Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1957 . . .	581
No. 21.	Verdere Wysigingsordonnansie op die Onder- wys 1957 . . .	583
No. 22.	Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting 1957 . . .	584
No. 23.	Herroepingsordonnansie op die Belasting op Persone 1957 . . .	585
No. 24.	Ongemagtigde Uitgawes (1955-'56) Ordon- nansie 1957 . . .	585
No. 25.	Wysigingsordonnansie op Vakleerlinge 1957 . . .	586
No. 26.	Wysigingsordonnansie op Verbode Gebiede 1957 . . .	587
No. 27.	Wysigingsordonnansie op die Gebiedsont- wikkelings- en reserwefonds 1957 . . .	588
No. 28.	Wysigingsordonnansie op Fabriek, Masjle- nerie en Bouwerk 1957 . . .	589
No. 29.	Waterwysigingsordonnansie 1957 . . .	589
No. 30.	Wysigingsordonnansie op Dorpe 1957 . . .	590
No. 31.	Wysigingsordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1957 . . .	592

<i>No.</i>	<i>Title.</i>	<i>Page.</i>
No. 14.	Appropriation (1957/58) Ordinance, 1957 . . .	572
No. 15.	Vermin Extermination Ordinance, 1957 . . .	573
No. 16.	Rents Amendment Ordinance, 1957 . . .	576
No. 17.	Administration Employees Ordinance, 1957 . . .	576
No. 18.	Hire-Purchase Amendment Ordinance, 1957 . . .	577
No. 19.	Weeds Ordinance, 1957 . . .	578
No. 20.	Education Amendment Ordinance, 1957 . . .	581
No. 21.	Education Further Amendment Ordinance 1957 . . .	583
No. 22.	Income Tax Amendment Ordinance, 1957 . . .	584
No. 23.	Personal Tax Repeal Ordinance, 1957 . . .	585
No. 24.	Unauthorised Expenditure (1955-'56) Ordin- ance, 1957 . . .	585
No. 25.	Apprenticeship Amendment Ordinance, 1957 . . .	586
No. 26.	Prohibited Areas Amendment Ordinance, 1957 . . .	587
No. 27.	Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1957 . . .	588
No. 28.	Factories, Machinery and Building Work Amendment Ordinance, 1957 . . .	589
No. 29.	Water Amendment Ordinance, 1957 . . .	589
No. 30.	Townships Amendment Ordinance, 1957 . . .	590
No. 31.	Mines, Works and Minerals Amendment Ordinance, 1957 . . .	592

No. 15 van 1957.]

**ORDONNANSIE.**

Om voorsiening te maak vir die uitroeiing van ongediertes.

(Goedgekeur 7 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie, tensy die samehang anders aandui, beteken —

„jag” die soek na, of agtervolging, skiet of doodmaak van ongediertes;

(a) wat ’n jagvereniging vir sy lede georganiseer het; of

(b) wat uitgevoer word deur iemand wat die komitee van ’n jagvereniging spesiaal of algemeen daartoe gemagtig het;

„jagvereniging” ’n jagvereniging wat ingevolge artikel twee geregistreer is;

„bewoner” met betrekking tot grond, die eienaar, huurder, vruggebruiker of fiduciarius daarvan, of die persoon wat die grond werklik bewoon en die reg het om algemene beheer daarvoor uit te oefen, en in die geval van ’n meent of dorpsgrond, die raad van die munisipaliteit of die dorpsbestuurraad, na gelang;

„ongedierte” enige dier wat in die bylae van hierdie Ordonnansie genoem word, of enige ander dier of voël wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot ongedierte verklaar.

2. Wanneer ’n vereniging van minstens tien lede wat minstens sewentien jaar oud is, gestig word met die doel om ongediertes in ’n bepaalde streek uit te roei, kan sodanige vereniging met die Administrateur se goedkeuring as ’n jagvereniging geregistreer word.

3. (1) ’n Aansoek om registrasie as jagvereniging word skriftelik aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika voorgelê tesame met ’n afskrif van die grondwet van sodanige vereniging.

(2) Wanneer die Administrateur die registrasie van ’n jagvereniging goedgekeur het —

(a) laat hy die onderstaande inligting aantekene in ’n register wat daarvoor aangehou word —

(i) Die naam van die vereniging;

(ii) die naam en ’n algemene beskrywing van die streek waarvoor die vereniging gestig is;

(iii) die name en adresse van die kaptein, visekaptein en sekretaris van die vereniging; en

(iv) die name van die oorspronklike lede van die vereniging; en

(b) laat hy, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afkondig dat sodanige jagvereniging geregistreer is vir die streek wat in die kennisgewing bepaal word.

4. As die Administrateur meen dat ’n jagvereniging nie die bepalings van hierdie Ordonnansie of sy grondwet nakom nie of nie bevredigend beantwoord aan die doel waarvoor dit gestig is nie, kan hy die registrasie van so’n jagvereniging by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* intrek.

5. (1) Die grondwet van elke jagvereniging meld die naam van die vereniging, asook die streek waarvoor dit gestig is, en bepaal —

(a) dat die sake van sodanige vereniging bestuur word deur ’n komitee bestaande uit die kaptein, visekaptein, sekretaris en twee ander lede van die vereniging wat deur die lede van sodanige vereniging gekies word;

(b) die inskrywingsgelde wat die lede van die vereniging moet betaal;

(c) dat daar minstens een algemene vergadering van die lede van sodanige vereniging in elke kalenderjaar gehou moet word;

No. 15 of 1957.]

**ORDINANCE**

To provide for the extermination of vermin.

(Assented to 7th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates:—

“hunt” means a search for, pursuing, shooting or killing of vermin —

(a) which has been organised by a hunt club for its members; or

(b) which is being carried out by a person who has been, specially or generally, authorised thereto by the committee of a hunt club;

“hunt club” means a hunt club registered in terms of section two;

“occupier”, in relation to land, means the owner, lessee, usufructuary or fiduciary thereof or the person in actual occupation of such land and who has the right to exercise general control over it and in the case of a commonage or townlands the Council of the Municipality or the Village Management Board as the case may be;

“Vermin” means any animal enumerated in the schedule to this Ordinance or any other animal or bird which the Administrator, by proclamation in the *Official Gazette*, declares to be vermin.

2. Whenever an association consisting of at least ten persons of an age of at least seventeen years, is established for the purpose of destroying vermin in any defined area, such association may, with the approval of the Administrator, be registered as a hunt club.

3. (1) An application for the registration of a hunt club shall be submitted in writing to the Secretary for South West Africa, together with a copy of the constitution of the club concerned.

(2) When the Administrator has approved of the registration of a hunt club he shall cause —

(a) to be recorded in a register kept for that purpose —

(i) the name of the club;

(ii) the name and a general description of the area for which such club was established;

(iii) the names and addresses of the captain, vice-captain and secretary of the club; and

(iv) the names of the original members of the club; and

(b) to be made known by notice in the *Official Gazette* that such hunt club has been registered for the area defined in such notice.

4. If, in the opinion of the Administrator, a hunt club does not comply with the provisions of this Ordinance or of its constitution or does not function in a satisfactory manner for the purpose for which it was established, he may by notice in the *Official Gazette* cancel the registration of such hunt club.

5. (1) The constitution of every hunt club shall set forth the name of the club and also the area for which it was established and shall provide —

(a) that the affairs of such club shall be managed by a committee consisting of the captain, vice-captain, secretary and two other members of the club who shall be elected by the members of such club;

(b) for the subscription fees to be paid by members of the club;

(c) that at least one general meeting of members of such club shall be held during every calendar year;

- (d) die wyse waarop die gelde van die vereniging bestuur moet word en die doel waarvoor dit aangewend kan word;
- (e) die wyse waarop sodanige grondwet gewysig kan word; en
- (f) dat voorsiening gemaak kan word ten opsigte van enige ander aangeleentheid waarvoor die Administrateur voorsiening noodsaaklik ag.

(2) Die grondwet van 'n jagvereniging word nie gewysig nie, buiten met die Administrateur se toestemming.

#### 6. 'n Jagvereniging —

- (a) laat in elke kalenderjaar minstens vier jagte in sy streek uitvoer;
- (b) hou 'n register aan waarin die onderstaande inligting opgeteken word:—
  - (i) die naam en adres van elke lid van die vereniging;
  - (ii) die getal en beskrywing van honde wat vir die jag gebruik word en die name en adresse van hul eienaars;
  - (iii) die datum van elke jag wat binne sy streek uitgevoer is, en die name van die persone, asook besonderhede van die honde, wat daaraan deelgeneem het; en
  - (iv) die getal en beskrywing van ongediertes wat op elke jag gedood of gevang is;
- (c) besorg aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika die name en adresse van die kaptein, vise-kaptein en sekretaris van die vereniging binne veertien dae nadat sodanige kaptein, vise-kaptein of sekretaris gekies is, en verstrek in Januarie van elke jaar aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika die toenmalige adresse van die kaptein, vise-kaptein en sekretaris; en
- (d) lewer op of voor die een-en-dertigste dag van Januarie in elke jaar 'n verslag by die Sekretaris van Suidwes-Afrika in ten opsigte van sy werksaamhede gedurende die voorafgaande kalenderjaar waarin —
  - (i) aangedui word hoeveel jagte gehou, ongediertes uitgeroei en honde met jagte gebruik is of beskikbaar was; en
  - (ii) 'n uiteensetting van die geldsake van die vereniging verskyn.

7. (1) Die kaptein van 'n jagvereniging, of, in sy afwesigheid, die vise-kaptein, of in albei se afwesigheid, 'n ander lid van die jagvereniging wat sy komitee aanwys, is die aanvoerder van 'n jag wat sodanige vereniging vir sy lede organiseer.

(2) Iemand wat 'n jag uitvoer kragtens 'n spesiale of algemene magtiging van die komitee van 'n jagvereniging, is die aanvoerder van sodanige jag.

8. Elkeen wat aan 'n jag deelneem, hetsy as lid of werknemer van 'n jagvereniging, of met goedkeuring van die aanvoerder daarvan, kan, in die loop, en vir die doel, van sodanige jag, enige grond —

- (a) binne die streek van die jagvereniging wat sodanige jag georganiseer of gemagtig het; of
- (b) buite die bedoelde streek (maar net om ongediertes te jag wat tydens die jag uit die bedoelde streek ontsnap het),

met of sonder motorvoertuie, perde en honde betree, en daarop jag: Met dien verstande dat daar sover moontlik kennis van sodanige persoon se teenwoordigheid op sodanige grond aan die bewoner of ander persoon in beheer daarvan gegee moet word.

9. (1) Die komitee van 'n jagvereniging kan, as 'n lid van die vereniging —

- (a) van twee agtereenvolgende jagte wat die vereniging georganiseer het en waarvan hy kennis gekry het, afwesig was sonder dat hy 'n blanke persoon van minstens sewentien jaar as sy plaasvervanger verskaf het; of

- (d) for the manner in which the moneys of the club shall be managed and the purpose for which it may be applied;
- (e) for the manner in which such constitution may be amended; and
- (f) for any other matter in connection with which the Administrator considers it necessary that provisions should be made.

(2) The constitution of a hunt club may not be amended except with the consent of the Administrator.

#### 6. A hunt club shall —

- (a) cause at least four hunts to be carried out in its area during every calendar year;
- (b) keep a register in which shall be recorded —
  - (i) the name and address of every member of the club;
  - (ii) the number and description of dogs used for hunting purposes and the names and addresses of their owners;
  - (iii) the date of every hunt carried out within its area and the names of the persons and also the particulars of the dogs taking part therein and
  - (iv) the number and description of vermin killed or captured during every hunt;
- (c) furnish the Secretary for South West Africa with the name and address of the captain, vice-captain and secretary of the club within fourteen days after such captain, vice-captain or secretary has been elected, and in January of each year inform the Secretary for South West Africa of the then addresses of the captain, vice-captain and secretary and
- (d) on or before the thirty-first day of January in every year submit, in respect of its activities during the preceding calendar year, a report to the Secretary for South West Africa in which —
  - (i) the number of hunts held, vermin destroyed and dogs used or available for hunts, are indicated; and
  - (ii) an exposition of the financial position of the club is given.

7. (1) The captain of a hunt club or, in his absence the vice-captain or, in the absence of both, any other member of the hunt club designated by its committee shall be in charge of a hunt organised by such club for its members.

(2) A person who carries out a hunt under a special or general authority of the committee of a hunt club shall be in charge of such hunt.

8. Any person taking part in a hunt whether as a member or employee of a hunt club or with the approval of the person in charge of such hunt, may, in the course of and for the purpose of such hunt, enter upon any land —

- (a) within the area of the hunt club which organised or authorised such hunt; or
- (b) outside the said area (but only to hunt vermin which has escaped from the said area during such hunt),

and hunt thereon, with or without motor vehicles, horses and dogs; provided that whenever possible notice of such person's presence on such land shall be given to the occupier or person in charge thereof.

9. (1) The committee of a hunt club may, whenever a member of the club —

- (a) has, without supplying a European person of an age of at least seventeen years as a substitute, been absent from two successive hunts organised by the club and of which he was given notice; or

(b) tydens 'n jag geweier of versuim het om 'n wettige bevel wat die aanvoerder daarvan hom in verband met die jag gegee het, te gehoorsaam,

sodanige lid uit die vereniging sit of hom beboet met 'n bedrag van hoogstens drie pond, of hom sowel uitsit as beboet.

(2) Die jagvereniging kan so 'n boete by wyse van geding in enige bevoegde hof verhaal.

10. Wanneer daar tydens 'n jag ongediertes op grond aangetref word, en, hetsy op daardie grond of nie, vernietig word, moet die bewoner van sodanige grond, as hy nie 'n lid is van die jagvereniging wat sodanige jag georganiseer of gemagtig het nie, aan sodanige vereniging 'n bedrag van tien pond betaal vir elke rooi- of swartrug-jakkals of luiperd of jagluiperd of wildehond of lynx of rooikat, en een pond vir elke bobbejaan of ander ongedierte wat aldus vernietig is: Met dien verstande dat sodanige bedrag nie betaalbaar is nie tensy die jagvereniging sodanige bewoner binne veertien dae na sodanige vernietiging aangesê het om die bedrag te betaal.

11. (1) 'n Lid of werknemer van 'n jagvereniging wat die komitee van so 'n jagvereniging daartoe gemagtig het, kan te alle redelike tye enige grond in die streek waarvoor die vereniging gestig is, betree om vas te stel of daar op sodanige grond gate is wat diere gemaak het en wat skulling aan ongediertes kan verleen.

(2) Die komitee van 'n jagvereniging kan die bewoner van sodanige grond by skriftelike kennisgewing gelas om so 'n gat op sodanige grond binne die tydperk wat die kennisgewing aangee, toe te maak of te vernietig.

(3) As sodanige bewoner weier of versuim om sodanige gat binne sodanige tydperk toe te maak of te vernietig, kan die jagvereniging die gat laat toemaak of vernietig op koste van sodanige bewoner en kan enige lid of werknemer van die vereniging sodanige grond te dien einde betree.

12. (1) Niemand mag gif neersit of laat neersit op grond in 'n streek waarvoor 'n jagvereniging gestig is om ongediertes met honde te jag nie, buiten met die skriftelike toestemming van so 'n jagvereniging.

(2) Sub-artikel (1) geld nie vir die neersit van vergiftigde graan vir die uitroeiing van voëls knaag- of ander pesvatbare diere nie, nóg vir gifbespuiting om sprinkane te vernietig nie.

13. Die Administrateur kan die fondse wat die Wetgewende Vergadering daarvoor bewillig, aanwend ter stigting en instandhouding van 'n teelstasie vir jaghonde.

14. Elkeen wat —

- (a) 'n bepaling van artikel *twaalf* by daad of versuim verontagsaam; of
- (b) weier of versuim om 'n opdrag ingevolge artikel *elf* na te kom; of
- (c) 'n lid of werknemer van 'n jagvereniging of iemand wat wettig aan 'n jag deelneem, by die uitoefening van sy bevoegdheede of die nakoming van sy pligte ingevolge hierdie Ordonnansie hinder of teengaan; of
- (d) 'n bewoner van grond is en weier of versuim om die redelike hulp te verleen in verband met 'n jag op sodanige grond waartoe die aanvoerder van so 'n jag hom versoek,

is skuldig aan 'n oortreding en is, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met beide sodanige boete en gevangenis.

15. Hierdie Ordonnansie tree eers in werking as en wanneer die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend maak dat hierdie Ordonnansie met ingang van 'n datum wat in die kennisgewing staan, in die Gebied, of in enige streek van die Gebied wat in die kennisgewing genoem word in werking tree, en die Administrateur kan te eniger tyd by kennisgewing in die

(b) has during a hunt refused or failed to obey a lawful order given in connection with the hunt by the person in charge thereof,

expel such member from the club or fine him an amount not exceeding three pounds or both expel and fine him.

(2) Such fine may be recovered by the hunt club by action in any competent court.

10. When vermin is found on land during a hunt and destroyed, whether on such land or not, the occupier of such land shall, if he is not a member of the hunt club which organised or authorised such hunt, pay to such club an amount of *ten* pounds for every red or black-backed jackal or leopard or cheetah or wild dog or lynx or red cat and *one* pound for every baboon or other vermin thus destroyed; provided that such amount shall not be payable unless such occupier has, within fourteen days from such destruction, been called upon by the hunt club to pay such amount.

11. (1) A member or employee of a hunt club authorised thereto by the committee of such club may at all reasonable times enter upon any land within the area for which the club was established in order to ascertain whether there are on such land holes made by animals which may serve as a hiding place for vermin.

(2) The committee of a hunt club may, by written notice, order the occupier of such land to close up or destroy any such hole on such land within a period specified in such notice.

(3) If such occupier refuses or fails to close up or destroy such hole within such period the hunt club may cause the hole to be closed up or destroyed at the expense of such occupier and any member or employee of such club may enter upon such land for that purpose.

12. (1) No person shall lay poison or cause poison to be laid on land in an area in respect of which a hunt club has been established for the purpose of hunting vermin by dogs, except with the written permission of such club.

(2) Sub-section (1) shall not apply in respect of the laying of poisoned grain for the destruction of birds, rodents or other animals susceptible to plague, or the spraying of poison for the destruction of locusts.

13. The Administrator may apply the funds voted by the Legislative Assembly for that purpose for the establishment and maintenance of a breeding station for hunting dogs.

14. Any person who —

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of section *twelve*; or
- (b) refuses or fails to comply with an order made in terms of section *eleven*; or
- (c) obstructs or hinders a member or employee of a hunt club or a person legally taking part in a hunt, in the exercise of his powers or the performance of his duties under this Ordinance; or
- (d) being the occupier of land refuses or fails to render such reasonable assistance in connection with a hunt on such land as the person in charge of the hunt may require him to render,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and imprisonment.

15. This Ordinance shall not come into operation unless and until the Administrator by notice in the *Official Gazette* declares that from a date fixed in such notice the Ordinance shall be in force in the Territory or that it shall be in force in any area of the Territory specified in such notice, and the Administrator may, at any time, by notice in the said *Gazette*, alter, redefine, add to or

*Offisiële Koerant* die genoemde streek verander, herbe-paal, of daaraan byvoeg of andersins wysig, of kan die werking van die Ordonnansie in enige aldus genoemde streek intrek.

16. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Uitroeiing van Ongediertes 1957.

BYLAE.

ONGEDIERTES:

Rooi- of Swartrugjakkals — *Mesomelas*.  
Lynx of Rooikat — *Felis caracal*  
Bobbejaan  
Luiperd — *Panthera pardus*  
Jagluiperd — *Acinonyx jubatus*.  
Wildehond — *Lycaon pictus*.

No. 16 van 1957.]

**ORDONNANSIE**

Ter wysiging van die Wet op Huurgelde.

(Goedgekeur 7 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-wes-Afrika VERORDEN:—

1. Paragraaf (c) van sub-artikel (1) van artikel drie van die Proklamasie op Huurgelde 1944 (Proklamasie 4 van 1944) word hierby gewysig deur die woorde „as dit nodig geag word” voor die woorde „die huurder” in te voeg.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huurgelde 1957.

No. 17 van 1957.]

**ORDONNANSIE**

Ter voorsiening in die organisasie, diensvoorwaardes en tug van Administrasiewerknemers.

(Goedgekeur 7 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-wes-Afrika VERORDEN:—

1. (1) Die Administrateur kan die werknemers aanstel wat, syns insiens, nodig is om museums, wildtuine, skole, skoolkoshuise, hospitale, paaie en bouwerke in die Gebied doeltreffend te administreer. In hierdie Ordonnansie beteken „werknemer” iemand wat in diens is van die Administrasie uitgesonderd 'n lid van die Staatsdiens soos bepaal by artikel een van die „Staatsdiens Wet, 1923” (Wet 27 van 1923) of 'n onderwyser soos bepaal by artikel een van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926).

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie kan die Administrateur die bestek van sub-artikel (1) uitbrei tot ander afdelings of werksaamhede van die Administrasie, wat hy by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* noem.

2. Die Administrateur skryf die besoldiging, aanstellings-, diens-, tug-, en ontslagvoorwaardes, en die graad of rang voor van iedereen wat kragtens sub-artikel (1) aangestel is.

vary the description of any such specified area or withdraw the operation of the Ordinance in any such specified area.

16. This Ordinance shall be called the Vernim Extermination Ordinance, 1957.

SCHEDULE.

VERMIN.

Red or Black-backed jackal — *Mesomelas*.  
Lynx or red cat — *Felis Caracal*.  
Baboon  
Leopard — *Panthera pardus*.  
Cheetah — *Acinonyx jubatus*.  
Wild dog — *Lycaon pictus*.

No. 16 of 1957.]

**ORDINANCE.**

To amend the law relating to rents.

(Assented to 7th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Paragraph (c) of sub-section (1) of section three of the Rents Proclamation, 1944, (Proclamation 4 of 1944) is hereby amended by the insertion of the words “if it be deemed necessary” before the words “the lessee”.

2. This Ordinance shall be called the Rents Amendment Ordinance, 1957.

No. 17 of 1957.]

**ORDINANCE**

To provide for the organisation, conditions of employment and discipline of Administration employees.

(Assented to 7th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. (1) The Administrator may appoint such employees as he deems necessary for the efficient administration of museums, game reserves, schools, school hostels, hospitals, roads, and building works in the Territory. For the purposes of this Ordinance “employee” means a person in the service of the Administration who is not a member of the Public Service as defined in section one of the Public Service Act, 1923 (Act 27 of 1923), or a teacher as defined in Section one of the Education Proclamation 1926 (Proclamation 16 of 1926).

(2) Subject to the provisions of this Ordinance the Administrator may extend the operation of sub-section (1) to such other branches or activities of the Administration as he may by notice in the *Official Gazette* specify.

2. The Administrator shall prescribe the remuneration, conditions of appointment, service, discipline and dismissal, and the grade or rank of any person appointed in terms of section one.

*Herroep deur*  
*Ord. 6/1982*

*Adm. Blakes*

3. Die Administrateur kan regulasies wat bestaanbaar is met hierdie Ordonnansie uitvaardig, wysig of herroep en ophef van al, of enige van, die onderstaande sake:

- (a) die omvang en klassifikasie van poste vir werknemers van die Administrasie;
- (b) die aanstelling van werknemers en hul diensvoorwaardes;
- (c) die salarisse verbonde aan die poste van werknemers;
- (d) tugmaatreëls (insluitende prosedure) by die ondersoek in, en behandeling van, wangedrag van werknemers;
- (e) die verlof van werknemers;
- (f) die diensure wat werknemers moet nakom;
- (g) die reis- en verblyfkoste, oorplasingskoste, vervoerrechte en kamptoeleas wat aan werknemers betaalbaar is;
- (h) amptelike reise en die vervoer van werknemers;
- (i) die gronde vir die ontslag van werknemers;
- (j) enige ander sake wat ingevolge hierdie Ordonnansie voorgeskryf kan word, en wat in die algemeen die doelstellings van hierdie Ordonnansie bevorder: Die algemeenheid van hierdie bepaling word nie beperk deur die sake wat in hierdie artikel genoem word nie.

4. Elke aanstelling van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie gedoen is, word beskou as 'n wettige aanstelling, en sodanige werknemer word beskou as aangestel kragtens artikel een van hierdie Ordonnansie: Met dien verstande dat die werknemer se salaris en salarisskaal nie minder mag wees as wat hy by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie ontvang het nie.

5. Nieteenstaande strydige bepalings in hierdie Ordonnansie kan die Administrateur te eniger tyd na enige ondersoek wat hy nodig ag, 'n werknemer ontslaan wat voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie in die Administrasie se diens getree het.

6. Regulasies 11 tot en met 14 van Goewermentskennisgewing 129 van 1926 word hierby herroep.

7. Elke werknemer wat enige bepaling van hierdie Ordonnansie of die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig word, oortree of verontagsaam, is skuldig aan wangedrag, en daar kan met hom gehandel word soos die regulasies bepaal.

8. Hierdie Ordonnansie heet die Administrasiewerknemersordonnansie 1957, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bepaal.

No. 18 van 1957.]

## ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Huurkoopordonnansie, 1942.

(Goedgekeur 7 Junie 1957.)  
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

- 1. (1) Artikel twee van die Huurkoopordonnansie 1942, (Ordonnansie 7 van 1942), hierna die Hoofwet genoem, word hiermee gewysig —
- (a) deur in paragraaf (a) van sub-artikel (1) die woord „vyfhonderd” deur die woord „tweeduisend” te vervang;

3. The Administrator may make, amend or repeal regulations, not inconsistent with this Ordinance, with respect to all or any of the following matters:—

- (a) the definition and classification of posts for employees of the Administration;
- (b) the appointment of employees and their conditions of employment;
- (c) the salaries attaching to the posts of employees;
- (d) disciplinary measures, (including procedure), in investigating and dealing with the misconduct of employees;
- (e) the leave of employees;
- (f) the hours of work to be observed by employees;
- (g) travel and subsistence allowances, transfer costs, transport privileges and camp allowances payable to employees;
- (h) official journeys by employees and their conveyance;
- (i) the grounds for the dismissal of employees;
- (j) any other matters which may be prescribed in terms of this Ordinance and generally for the efficient carrying out of the objects and purposes of this Ordinance, the generality of this provision not being limited by the matters specifically mentioned in this section.

4. Any appointment of an employee made before this Ordinance became of force and effect, shall be deemed to be a lawful appointment, and such employee shall be deemed to have been appointed in terms of section one of this Ordinance: Provided that the salary and salary scale of such employee shall not be lower than that which was being paid to him when this Ordinance became of force and effect.

5. Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance contained, the Administrator may at any time after such inquiry as he may deem fit, dismiss any employee who was in the service of the Administration before this Ordinance became of force and effect.

